## DANKBAARHEIDSMAAND

Ons het die mooi gebruik in ons gemeente om NOVEMBER af te sonder as Dankbaarheidsmaand. Die gedagte daarmee is dat ons een maand in die jaar sal afsonder om na te dink oor al die wonderlike gawes wat ons oorvloedig en genadiglik uit God se hand ontvang: fisies, geestelik, sosiaal en andersins. Ons wil ook geleenthede skep om uitdrukking te gee aan ons dankbaarheid. Die eredienste gaan daarvoor ingerig word. Op 4 November vier ons Nagmaal, op 11 November bid ons vir die Vervolgde kerk, op 18 November bid ons vir ons Beskermingsdienste en op 25 November is ons Kerssangdiens. Ons kan ook ons kleingroepe met kreatiwiteit inrig om geleenthede te gee om dankbaarheid te betoon. Op 15 November is ons Vonkelvroue se laaste byeenkoms. In die lig van ons finansiële posisie wil ons u ook oproep om opnuut nadink oor u dankoffers en ander offergawes. 'n Koevertjie word uitgedeel waarin u 'n spesiale tiende-offer kan bring. Bring dit na 'n erediens en kom gee dit self vir die Here. Indien u verhinder word, kan u dienswerker dit vir u bring. Moedig ook u kinders aan om 'n spesiale werkie vir die Here te doen en die geldjie wat hy/sy daarmee verdien in 'n koevertjie te sit en na 'n erediens te bring. Die Bybel sê vir ons dat God 'n blymoedige gewer liefhet en belowe as ons ons volle tiende na die skatkis bring sy seën nie sal uitbly nie.








# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 4 NOVEMBER 2018**

*"Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie."* **Gal 5:1**

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Instandhouding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader vergader nie. Gr 8, 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**NAGMAAL:** Om 09:00 in kerkgebou (ds André), Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Geopende Deure.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos vandag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag geen agv predikante byeenkoms. Dinsdag 09:30 Kerkgebou.

Ds Robert: Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00. Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr 8.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:30 in die konsistorie vir lede van die gebedsketting en enige ander lidmaat.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30.

**Donderdag:** Manne bid om 06:00 in die "gat".



## ANDER INLIGTING

**KOSKAS:** November is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Alta du Toit nasorg was R3156-70.

**NUWE INTREKKERS:** Josef le Grange en Johanna le Grange (18de Laan) vanaf Hartenbos. Johannes CA Greyling vanaf Geref kerk Delmas. Hartlik welkom!

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.



**PITLOSE ROSYNE:** Te koop by die kerkkantoor @ R25/500g.

**SIEKES IN DIE HOSPITAAL:** Onthou asb om die kerkkantoor of die dominee te laat weet, as u of 'n geliefde of wykslid in die hospitaal is.

**KERSMARK:** Die kersmark kombuis word vanjaar deur die gemeente self behartig vanaf 17-19 Desember. Enigeen wat bereid is om vir 'n oggend of middag tydens die 3 dae kan help werk, kan asb hul name opgee by die kerkkantoor.

**VONKELVROUE AFSLUITING:** 15 November om 19:00 in die kerksaal. Kom geniet hierdie Bybelse Aand @ slegs R15 toegang by die deur betaalbaar. Onthou asb om koekies of toiletware saam te bring wat ons na die Herberg Kinderhuis sal stuur.

**HERBERG KINDERHUIS:** Daar bly baie min kinders van Huis C oor tydens die Desembervakansie. Ons beplan om die eerste week na die skoolvakansie in Januarie eetgoed, ens na die Kinderhuis te neem. Die volgende word oa benodig:
Skoonmaakmiddels (Poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep, vadoeke). Toiletware (Shampoe, toiletseep, handeroom, waslappies). Koekies, lekkers en beskuit. Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop). Blikkies vleis, vis en tuna. Weense worsie, polonie en kaas. "Chips & Snacks", Grondbone & rosyne wat in kosblikke kan kom. Kontant ook welkom dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar is ongeveer 15 dogters in Huis C van Laerskool ouderdom. Handig asseblief in voor of op 10 Januarie 2019 in by kerkkantoor.
As u van ´n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asseblief.
Navrae: Joey de Jager 073 298 8142 of 044-691 0116



## GEBEDSBULLETIN

**Tema vir November: God se Heerlikheid**

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* Dat ons God se grootheid en heerlikheid rondom ons sal raaksien - in die natuur, in die glimlag van 'n kind of 'n bejaarde.
* Matrieks eksamen - dissipline, volharding en ondersteuning.
* Die regering. Bid vir 'n nuwe morele kompas - korrupsie, oneerlikheid.
* Redding van verlorenes. Bid vir herlewing in die kerk.
* Beplanning vir 2019: 23-24 November.
* Instandhouding van die gemeente se geboue.
* Nagevolge van die verwoestende brande in die Suidkaap.
* Besighede (ook van ons lidmate s'n) wat sukkel om te midde van die ekonomie te oorleef.

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Vir die Heerlikheid van God - Hy is Almagtig, Alwetend, Alomteenwoordig, Onveranderlik in sy liefde en trou.
* Leiers by ons Kinderkerk wat kinders se geloofslewe op die hart dra.
* Diensbare en lojale lidmate.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Fynbosrand siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Petro Alberts Benevolent Park
Naomi Pretorius Fijnboschpark
Elsabé Zietsman plaas Voëlvlei
Marietjie Barnard Hartenrus
Johan Meyer 12de Laan
Dennis Viljoen Santos Haven
Lisa van Zyl Santos Haven
David Johnson Vleesbaai



**STERFTES:** Ben du Toit Santos 1 siekeboeg

### BANKBESONDERHEDE

<u>Dankoffers</u>: *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

<u>Geloofsoffers</u>: *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*